

Doop

I. DIE INSTELLING VAN DIE DOOP

1. Die Christelike doop is gewortel in Jesus van Nasaret se bediening, dood en opstanding. Die doop maak ons een met Christus, die gekruisigde en opgestane Here. Dit gee ons toegang tot die Nuwe Verbond tussen God en sy mense. Die doop is 'n gawe van God. Dit word bedien in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Matteus vertel ons dat die Here Jesus, na sy opstanding, sy dissipels die wêreld ingestuur het met die opdrag om mense doop (Matteus 28:18-20). Uit die briewe van die Nuwe Testament en die Handeling van die Apostels, sowel as die geskrifte van die Kerkvaders, is dit duidelik dat die doop deur die hele apostoliese Kerk beoefen is. Vandag nog bedien die kerke die doop as deel van ons verbintenis met die Here wat sy genade aan ons geskenk het.

II. DIE BETEKENIS VAN DIE DOOP

2. Die doop is die teken van die nuwe lewe wat ons deur Jesus Christus ontvang. Dit maak die gedoopte mens één met Christus en met al Christus se mense. Die Nuwe Testament, sowel as die kerk se liturgie, gebruik 'n verskeidenheid beelde om lig te werp op die rykdom van Christus en die gawes wat Hy aan ons skenk deur sy verlossingswerk:

- † Ons word deur die dood een met Christus in sy dood en opstanding (Rom 6:3-5; Kol 2:12).
- † Die doop dui op die afwassing van sonde (1 Kor 6:11).
- † Die doop is 'n nuwe geboorte (Joh 3:5).
- † Die gedoopte word met Christus bekleed (Gal 3:27) en deur die Gees nuutgemaak (Tit 3:5).
- † Van die beelde dui op die betekenis wat water in die Ou Testament het: die doop word gekoppel aan die verlossing uit die vloed (1 Pet 3:20-21) en ook aan die uittog uit slawerny (1 Kor 10:1-2).
- † Die doop bevry ons deur ons deel te maak van 'n nuwe mensdom waarin die ou skeidsmuur (van geslag, ras of sosiale status) afgebreek word (Gal 3:27-28; 1 Kor 12:13).

Hierdie wye verskeidenheid beelde wys almal op een en dieselfde werklikheid.

A. *Die doop maak ons deelnemers aan Christus se dood en opstanding*

3. Die doop maak ons een met Jesus Christus in sy lewe, dood en opstanding. Jesus het afgegaan in die Jordaanrivier om gedoop te word. Daardeur het Hy Homself vereenselwig met sondaars, om sodoende aan die wil van God te voldoen (Matt 3:15). Sy doop was die begin van sy pad as Lydende Dienaar, 'n pad wat uitgeloop het op sy lyding, dood en opstanding (Mark 10:38-40, 45). Deur die doop word ons gedompel in die bevrydende dood van Christus. Ons sondes word in sy dood begrawe. Die "ou mens" is saam met Christus gekruisig en die mag van die sonde is gebreek. Daarom is gedooptes nie meer slawe van die sonde nie, maar vry. Ons is volkome een met Christus in sy dood. Ons word ook saam met Hom begrawe en saam met Hom opgewek tot 'n nuwe lewe. Gedooptes leef dus in die krag van Jesus Christus se opstanding. Daarom het ons ook die vertroue dat ons eendag een sal wees met Hom wanneer ons, net soos Hy, uit die dood opgewek sal word (Rom 6:3-11; Kol 2:13, 3:1; Ef 2:5-6).

B. *Bekering, vergifnis en reiniging*

4. Die doop maak Christene tot deelnemers aan die geheimenis van Christus. Dit veronderstel dus ook die belydenis van sonde en 'n verandering van hart. Die doop wat Johannes bedien het, was ook 'n doop van bekering tot die vergifnis van sonde (Mark 1:4). Die Nuwe Testament beklemtoon op verskillende maniere dat die doop ook ons lewenswandel bepaal. Só word die doop beskryf as 'n afwassing waarin die liggaam met skoon water gewas word en die hart van 'n skuldige gewete gereinig word (Heb 10:22; 1 Pet 3:21; Hand 22:16), en daarom ook as 'n daad van vryspraak (1 Kor 6:11). Mense wat gedoop is, is vrygespreek, skoongewas en

geheilig deur Christus. Dit is deel van die betekenis van die doop dat gedooptes ook opgeroep word om hulle gedrag deur die Heilige Gees te laat bepaal.

C. Die gawe van die Gees

5. Die Heilige Gees werk in mense se lewens voor, in en na hulle doop. Dit is dieselfde Gees wat Jesus as die Seun openbaar het (Mark 1:10-11) en wat die dissipels op Pinksterdag krag gegee en een gemaak het (Hand 2). God skenk aan alle gedooptes die salwing met, en die belofte van die Heilige Gees. Hy merk hulle met 'n seël en plaas in hulle harte die eerste waarborg van die erfdeel wat hulle as seuns en dogters van God sal ontvang. Die Heilige Gees hou die geloof lewend in hulle harte tot die finale verlossing, wanneer hulle hulle volle erfdeel sal ontvang, tot lof van die heerlijkheid van God (2 Kor 1:21-22; Ef 1:13-14).

D. Inlywing in die Liggaam van Christus

6. Die Kerk bedien die doop in gehoorsaamheid aan ons Here. Dit is 'n teken en seël van ons gemeenskaplike dissipelskap. Deur die doop word ons een gemaak met Christus, met mekaar en met die Kerk van alle tye en op alle plekke. Ons het almal deel aan dieselfde doop wat ons een maak met Christus en wat daarom ook dien as 'n grondliggende eenheidsband tussen Christene. Ons is één volk, geroep om één Here te bely en te dien, op elke plek, oral in die wêreld. "Daar is... één doop, één God en Vader van almal..." (Ef 4:4-6). Die eenheid wat in die doop gegee het, vind sy gestalte in één heilige, katolieke, apostoliese Kerk. Waar hierdie eenheid uitgeleef word, kan ons 'n egte Christelike getuienis uitdra van hoe God se liefde ons genees en versoen. Daarom is ons één doop in Christus ook 'n roeping aan die kerke om ons verdeeldheid te oorkom en om sigbare gestalte aan ons geloofsgemeenskap te gee.

KOMMENTAAR BY 6:

Daar is 'n onvermoë by baie kerke om wedersyds te erken dat ons dooppraktyke, al verskil ons ook van mekaar, deel uitmaak van die één doop. Selfs kerke wat mekaar se doop wedersyds erken, is in werklikheid dikwels nog steeds verdeeld. Dit maak die gebrokenheid van die kerk se getuienis dramaties sigbaar. Op sommige plekke en in sommige tye was kerke selfs bereid om toe te laat dat verskille ten opsigte van geslag, ras of sosiale status die liggaam van Christus verdeel. Dit laat 'n nóg groter vraagteken hang oor die egte doopteenheid van die Christelike geloofsgemeenskap (Gal 3:27-28) en bring die kerke se getuienis ernstig in die gedrang. Daarom is die behoefte om ons doopteenheid te herwin, die hart van die ekumeniese taak. Dit is van kernbelang as ons 'n egte bondgenootskap tussen Christelike geloofsgemeenskappe 'n werklikheid wil maak.

E. Die Teken van die Koninkryk

7. Die doop maak ons deel van die nuwe lewe wat aan ons geskenk word in die huidige wêreld. Dit gee ons deel aan die gemeenskap van die Heilige Gees. Dit is 'n teken van die Koninkryk van God en van die lewe wat in die toekomstige wêreld. Die doop het, deur die gawes van geloof, hoop en liefde, 'n dinamiek wat die hele lewe omvat. Dit reik uit na alle nasies, en bied vir ons 'n voorsmaak van die dag wanneer elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is, tot eer van God die Vader.

III. DOOP EN GELOOF

8. Die doop is in die eerste plek God se geskenk aan ons, maar dit is ook ons antwoord op God se geskenk. Dit is die begin van 'n groeiproses waardeur ons uiteindelik "so volmaak en volwasse soos Christus" gemaak sal word (Ef 4:13). Alle kerke erken dat die verlossing wat in die doop beliggaam en verkondig word, net deur geloof ontvang word. Daarom is 'n persoonlike geloofsverbintenis noodsaaklik as iemand 'n verantwoordelike lid van Christus wil wees.

9. Die doop gaan nie net oor die ervaring van die oomblik waarin jy gedoop word nie. Die doop gaan oor 'n lewenslange groei na Christus toe. Gedoopte mense word geroep om die heerlijkheid van die Here te weerspieël, omdat hulle deur die krag van die Heilige Gees verander word na die beeld van Christus, sodat die heerlijkheid wat van hulle uitstraal, steeds toeneem (2 Kor 3:18). Die lewe van die Christen sal altyd 'n stryd wees, maar is juis daarom ook altyd 'n ervaring van God se genade. In hierdie stryd leef die gedoopte vir Christus, vir sy kerk en vir die wêreld wat Hy liefhet. Hulle wag in hoop op die openbaarmaking van God se nuwe skepping, op die tyd waarin God alles en in almal sal wees (Rom 8:18-24; 1 Kor 15:22-28, 49-57).

10. Gedoopte gelowiges wat groei in die Christelike geloofslewe wys dat mense nuwe lewe kan ontvang en bevry kan word. Hulle het 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid om hier en nou saam getuies te wees van die Evangelie van Christus, die Verlosser van alle mense. Hierdie getuienis word in die Kerk en in die wêreld afgelê. Deur saam in die geloof te getuig en te dien, ontdek Christene die volle betekenis van hulle een doop as God se geskenk aan al God se mense. Hulle erken ook dat die doop, as deelname aan Christus se dood, ons nie net roep tot persoonlike heiligmaking nie, maar ons ook aanspoor om daarna te streef dat God se wil op alle lewensterreine gehoorsaam word (Rom 6:9 ev; Gal 3:27-28; 1 Pet 2:21-4:6).

IV. DIE BEDIENING VAN DIE DOOP

A. Die Doop van Gelowiges en Kinders

11. Dit is moontlik dat die doop van kinders van gelowige ouers ook in die apostoliese era beoefen is. Nogtans is die patroon wat die duidelikste in die Nuwe Testament sigbaar word, dié van mense wat gedoop word na 'n persoonlike belydenis van geloof.

Deur die loop van die geskiedenis het daar verskillende vorme van doopbediening ontwikkel. Sommige kerke doop klein kindertjies wat deur ouers of voogde ten doop gebring word. Die ouers of voogde belof dan om, in die kerk en saam met die kerk, die kinders op te voed in die Christelike geloof.

Ander kerke doop slegs gelowiges wat 'n persoonlike belydenis van geloof kan aflê. Party van hierdie kerke moedig dit aan dat die kinders van gelowige ouers ook ingeseën word tydens 'n erediens. God word dan gedank daarvoor dat Hy die kindjie geskenk het, en die ouers verbind hulleself tot Christelike ouerskap.

Alle kerke doop gelowiges wat uit ander godsdienste of uit 'n agtergrond van ongelof kom, nadat hulle die Christelike geloof aangeneem en kategetiese onderrig ontvang het.

12. Of die doop nou aan die kinders van gelowiges of aan volwasse gelowiges bedien word, dit vind plaas in die Kerk as geloofsgemeenskap. Wanneer mense as volwasse gelowiges gedoop word, maak hulle persoonlike geloofsbelydenis 'n wesenlike deel van die doopdiens uit. Wanneer 'n kind van gelowige ouers gedoop word, word daar later 'n persoonlike belydenis van geloof afgelê. Mense wat op grond van hulle eie geloofsbelydenis gedoop is, staan voor die blywende uitdaging om aan te hou groei in hulle persoonlike geloofsantwoord op die doop. In die geval van die kinders van gelowige ouers word verwag dat hulle as gedooptes later 'n persoonlike belydenis sal aflê. Hulle word daarom in die Christelike geloof opgevoed met die oog op hierdie belydenis.

Hoe die doop ook al bedien word, dit is steeds gewortel in Christus se getrouheid tot die dood, wat ook in die doop verkondig word. Die doop vind plaas in die lewe en geloof van die Kerk. Deur die getuienis van die Kerk as geheel wys die doop op die getrouheid van God as die fondament van ons totale geloofslewe. By elke doop bevestig die gemeente hulle geloof in God. Die gemeente word dan ook opnuut daartoe verbind om saam 'n lewe van getuienis en diens te lei. Daarom word die doop altyd gevier binne die raamwerk van die Christelike geloofsgemeenskap.

KOMMENTAAR BY 12:

Wanneer die uitdrukkings “kinderdoop” en “doop van gelowiges” gebruik word, is dit noodsaaklik om in gedagte te hou waar die eintlike onderskeid lê: tussen diegene wat mense van alle ouderdomme doop, en diegene wat slegs mense doop wat in staat is om 'n persoonlike geloofsbelydenis af te lê. Die verskille tussen “kinderdoop” en “doop van gelowiges” word minder skerp wanneer erken word dat

beide vorme van doop uitdrukking gee aan God se inisiatief in Christus, en dat beide 'n uitdrukking is van 'n gelowige antwoord wat deur die geloofsgemeenskap as geheel gegee word.

Die bediening van die kinderdoop beklemtoon die gemeenskaplike geloof van die gemeente, sowel as die geloof wat die kinders met sy ouers deel. Die kind word gebore in 'n gebroke wêreld en deel in daardie gebrokenheid. Deur die doop word die belofte en aanspraak van die evangelie aan die kind verseël. Die persoonlike geloof van die gedoopte en die getroue deelname aan die lewe van die Kerk is noodsaaklik om die volle vrug van die doop te geniet.

Die bediening van die doop van gelowiges beklemtoon die uitdruklike belydenis van die persoon wat antwoord op die genade van God in en deur die geloofsgemeenskap, en wat daarom vra om gedoopte te word.

Beide vorme van die doop vereis 'n soortgelyke en verantwoordelike houding teenoor Christelike opvoeding. Indien die voortgaande karakter van Christelike opvoeding herontdek word, kan dit ons help om by die wedersydse aanvaarding van verskillende dooppraktyke (waardeur mense by die geloofsgemeenskap ingelyf word) uit te kom.

Sommige kerke verenig die twee tradisies van kinderdoop en die doop van gelowiges. Hulle vind dit moontlik om twee gelykwaardige maniere van toegang tot die Kerk te erken, enersyds in die patroon waarin die kinderdoop opgevolg word deur 'n latere belydenis van geloof en andersyds in die patroon waarin die doop van gelowiges volg op 'n inseëning as kind. Hierdie voorbeeld nooi ander kerke om te besin daaroor of hulle nie ook gelykwaardige alternatiewe kan erken in hulle wedersydse verhoudings en in die gesprekke oor kerkhereniging nie.

13. Die doop is 'n onherhaalbare daad. Enige praktyk wat as 'n "herdoop" verstaan kan word, moet verniy word.

KOMMENTAAR BY 13:

Kerke wat aandring op 'n spesifieke vorm van die doop, of wat ernstige vrae het oor die egtheid van ander kerke se sakramente en bedieninge, vereis soms dat mense wat uit ander kerktradisies kom, gedoopte moet word voordat hulle toegelaat word tot volle lidmaatskap met die reg om nagmaal te gebruik. Namate kerke tot 'n meer volkome wedersydse begrip en aanvaarding vir mekaar kom, en ook sterker verhoudings van gesamentlike getuienis en diens opbou, behoort hulle hulleself te weerhou van enige praktyk wat dalk die sakramentele integriteit van ander kerke bevraagteken, of wat die onherhaalbaarheid van die sakramente van die doop in gedrang kan bring.

B. Doop – Salwing - Belydenis

14. In God se verlossingswerk is die Paasgeheimenis van Christus se dood en opstanding onafskeidbaar gekoppel aan die Pinkstergawe van die Heilige Gees. Op dieselfde wyse word ons deelname aan Christus se dood en opstanding onafskeidbaar gekoppel daaraan dat ons die Gees ontvang. Die doop, in sy volle betekenis, dui op beide en bewerk dit.

Christene verskil in hulle verstaan van wat presies die gawe van die Gees simboliseer. Verskillende handelingte word aan die gawe van die Gees gekoppel. Vir sommige is dit die waterdoop self. Vir ander is dit die salwing met olie en/of die oplegging van hande, wat deur baie kerke "belydenis" of "konfirmasie" genoem word. Ander sien al drie hierdie handelingte saam as teken, omdat die Gees volgens hulle deur die hele ritueel werksaam is. Almal stem saam dat die Christelike doop 'n doop in water en in die Heilige Gees is.

KOMMENTAAR BY 14:

- (a) *In sommige tradisies word gesê dat die doop ons een maak met Christus in sy kruisiging, begrafnis en opstanding, terwyl die salwing met olie beteken dat Christene die gawe van die pinkster-Gees ontvang deur die salwing met olie.*

(b) As die doop, as inlywing in die liggaam van Christus, kragtens sy eie aard heenwys na die deelname aan Christus se liggaam en bloed in die nagmaal, moet gevra word of 'n verdere, afsonderlike rite tussen die doop en toelating tot die nagmaal ingevoeg kan word. Kerke wat kinders doop, maar hulle nie tot die nagmaal toelaat voordat hulle so 'n rite ondergaan het nie, sal dalk wil nadink daaroor of hulle die nagevolge van die doop volkome waardeer en aanvaar het.

(c) Die doop moet telkens herbevestig word. Die mees voor-die-hand-liggende vorm wat so 'n bevestiging kan aanneem, is die viering van die nagmaal. Die hernuwing van doopbeloftes kan ook plaasvind tydens geleenthede soos die jaarlikse viering van die paasgeheimenis, of tydens die doop van ander.

C. Op pad na die wedersydse erkenning van die doop

15. Kerke erken toenemend mekaar se doop as die een doop in Christus, waar Jesus Christus deur die dopeling as Here bely is of waar dié belydenis deur die kerk (ouers, voorgede, peetouers en gemeente) gemaak is en later deur 'n persoonlike geloofsverbintenis bevestig is. Die wedersydse erkenning van die doop word aanvaar as 'n belangrike teken en manier waarop die doopenheid wat in Christus gegee is, tot uitdrukking gebring word. Waar dit moontlik is, behoort hierdie wedersydse erkenning uitdruklik deur die kerke bevestig te word.

16. Ten einde hulle verskille te oorkom, behoort kerke wat gelowiges doop en hulle wat die kinderdoop beoefen, sekere aspekte van hulle onderskeie praktyke in heroorweging te neem. Eersgenoemde kerke kan soek na maniere waarop dit duideliker sigbaar gemaak word dat kinders onder God se genade geplaas word. Laasgenoemde kerke moet waak teen die praktyk om skynbaar voor die voet te doop, en moet hulle verantwoordelikheid om die gedoopte kinders op te voed tot 'n volwasse verbintenis aan Christus ernstiger opneem.

V. DIE VIERING VAN DIE DOOP

17. Die doop word bedien met water in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

18. In die viering van die doop moet die simboliese aspek van water ernstig opgeneem word en nie verskraal word nie. Onderdompeling kan 'n kragtige uitbeelding wees van die werklikheid dat die Christen in die doop deelneem aan die dood, begrafnis en opstanding van Christus.

KOMMENTAAR BY 18:

Volgens sommige teologiese tradisies dui die gebruik van water, met al die positiewe assosiasies met lewe en seën, op die kontinuïteit tussen die ou en die nuwe skepping. Daarom het die doop nie net betekenis vir mense nie, maar vir die hele kosmos. Terselfdertyd dui die gebruik van water op die reiniging van die skepping; op 'n afsterwe van dit wat negatief en vernietigend is in die wêreld: hulle wat in die liggaam van Christus ingedoop word, word deelnemers aan 'n nuutgemaakte bestaan.

19. In ooreenstemming met die gebruik in die eerste eeue van die kerk, kan die gawe van die Gees in die doop ook op aanvullende maniere gesimboliseer word, byvoorbeeld deur die teken van handoplegging, of deur salwing met olie. Die teken van die kruis herinner aan die beloofde gawe van die Heilige Gees, wat die waarborg is van dit wat nog moet kom wanneer God hulle wat Hy sy eiendom gemaak het, volkome verlos (Efes 1:13-14). Die herwinning van hierdie kragtige tekens kan die liturgie verryk.

20. In elke omvattende liturgie van die doop behoort ten minste die volgende elemente vervat te word: die verkondiging van die Skrifte wat na die doop verwys; die aanroeping van die Heilige Gees; die afswering van die bose; die belydenis van geloof in Christus en die heilige Drie-Eenheid; die gebruik van water; die verklaring

dat die gedooptes 'n nuwe identiteit as kinders van God en as lidmate van die Kerk gekry het en dat hulle geroep is om van die Evangelie te getuig. Sommige kerke is van mening dat die inlywing in die Christelike geloof nie volledig is sonder die verseëling van die gedoopte met die gawe van die Heilige Gees en die deelname aan die heilige nagmaal nie.

21. Dit is vanpas om, in die konteks van die doopdiens, die betekenis van die doop te verduidelik soos wat dit na vore kom uit die Skrif (met ander woorde: die deelname aan Christus se dood en opstanding, bekering, vrypraak en reiniging, die gawe van die Gees, inlywing in die liggaam van Christus en die teken van die koninkryk).

KOMMENTAAR BY 21:

Onlangse gesprekke dui daarop dat meer aandag gegee behoort te word aan misverstande wat ontstaan as gevolg van die sosio-kulturele konteks waarbinne die doop bedien word.

(a) In sommige wêrelddele het die feit dat naamgewing in die doopliturgie plaasvind, daartoe gelei dat die doop verwar word met gebruike wat met naamgewing verband hou. Hierdie verwarring is veral skadelik as daar in kulture wat oorheersend nie-Christelik is, van gedooptes verwag word om as Christene name te aanvaar wat nie in hulle kulturele tradisie gewortel is nie. Wanneer kerke reëls maak vir die doop, moet hulle versigtig wees om die klem op die ware Christelike betekenis van die doop te plaas, en om dit te vermy om gedooptes op 'n onnodige manier te vervreem van hulle eie kultuur deur vreemde name op hulle af te dwing. 'n Naam wat ontleen is aan 'n mens se oorspronklike kultuur wortel die gedoopte in daardie kultuur. Dit openbaar ook die universaliteit van die doop en die inlywing in die een Kerk, heilig, katoliek en apostolies, wat uitstrek oor alle nasies van die aarde.

(b) In baie groot Europese en Noord-Amerikaanse meerderheidskerke word die kinderdoop dikwels op 'n skynbaar onoordeelkundige wyse bedien. Dit lei daartoe dat kerke wat die doop aan gelowiges bedien, huiwerig is om die geldigheid van die kinderdoop te aanvaar. Hierdie werklikheid moet die meerderheidskerke daartoe bring om meer krities na te dink oor die betekenis van die doop.

(c) Sommige Afrika-kerke beoefen die doop van die Heilige Gees sonder water, deur handoplegging, hoewel hulle ander kerke se doop erken. Hierdie praktyk, sowel as die verhouding daarvan tot die doop met water, behoort verder ondersoek te word.

22. Die doop word normaalweg deur 'n geordende predikant bedien, hoewel ander mense in sommige omstandighede toegelaat word om te doop.

23. Omdat die doop ten nouste verbind is met die gemeenskaplike lewe en aanbidding van die Kerk, moet dit normaalweg tydens 'n openbare erediens bedien word, sodat lidmate van die gemeente herinner kan word aan hulle eie doop, en sodat hulle die gedooptes in hulle geloofsgemeenskap kan verwelkom. Sodoende word die gemeente ook verbind daartoe om die gelowiges in die geloof op te voed. Dit is gepas om die sakrament te bedien by die groot feesgeleenthede soos Paasfees, Pinkster en Epifanie, soos die gebruik in die vroeë kerk was.